BOSCHHOEK BERGLANDGOED

Oase van rus in die bosveld

Die eiendomsontwikkeling Boschhoek Berglandgoed is 'n toevlugsoord in die natuurprag van die bosveld. Slegs 0,25% van die 1 500 ha bergkom naby Modimolle (voorheen Nylstroom) in Limpopo sal uiteindelik met huise spog. Die res bly ongerepte bosveld waar wild soos kameelperde, elande, sebras, koedoes, rooihartebeeste, blesbokke, waterbokke en klipspringers die veld met bykans 150 voëlspesies deel.

Volgens Herbert Smith, ontwikkelaar, is Boschhoek 'n plek waar mense en hul nageslag betekenis en heling kan vind in 'n wêreld wat homself al dieper verskans in lae van kamma-kamma.

"Daar is 'n werklikheid in die spore onder die spikkelskadu van die wildeseringboom wat geen slimfoon, iPod of iPad ooit kan aanraak nie. Geen skerm, maak nie saak hoe wyd of plat nie, kan die werklikheid van 'n weerkaatsing in 'n bergpoel weergee nie.

"By Boschhoek streef ons na werklikheid en essensie, 'n terugna-die-natuurbenadering teenoor die 'glitz & glamour' wat so dikwels in sulke plekke gepleeg word," sê Smith.

Die ontwikkeling bied uitstekende waarde met pryse vanaf R499 000 tot R899 000 vir voltitelboserwe wat wissel van 1 ha tot 2 ha. Daar is geen minimum grootte vir jou boshuis nie. Jy kan met die bos as jou leefarea begin en uitbrei oor tyd. Geen styl word voorgeskryf nie. Dit moet slegs gehalte wees en inpas by die bos, sê hy. Tent-boshuise word ook toegelaat. Eienaars kies hul eie argitekte en bouers.

Voltitel-erwe in Boschhoek kos vanaf R499 000. Daar is geen minimum grootte vir jou boshuis nie en geen styl word voorgeskryf nie. Foto's: BOSCHHOEK

Daar is reeds meer as 100 boserwe verkoop. Tans is sowat 18 erwe nog beskikbaar, met 'n verskeidenheid van vlakte en uitsig, kloof en bos. Die spogerwe is die laaste riviererwe wat onlangs bekendgestel is.

"Enkele aandele is ook nog vanaf R150 000 beskikbaar in ons gemeubileerde boshuis op een van die hoogste erwe op Boschhoek met 'n ongelooflike uitsig," sê hy.

Boschhoek is ingesluit by Unesco se unieke Waterberg-biosfeerreservaat en spog met ongelooflike natuurskoon, stilte en sterre. Dit is 'n uur en 'n half se ry met die N1-snelweg vanaf Pretoria en 2 uur vanaf Johannesburg. Dit beteken 'n maklike wegbreek wanneer die stad begin druk, of 'n vinnige stadsbesoek vir dié wat permanent op Boschhoek bly. Om in Modimolle te kom, duur sowat 15 minute. En reg langs Boschhoek bied die Leeuwenhof Country Lodge en Garden Spa 'n heerlike pamperlang.

Smith sê die inkomste uit wildverkope sal gebruik word om heffings op die erwe te subsidieer. Die eienaars kan die heffings van tans R600 per maand dus laag hou. Uitstekende bestuur van die huiseienaarsvereniging en 'n hegte gemeenskap van eienaars tel verder in dié ontwikkeling se guns. Veiligheid is ook 'n prioriteit. Boschhoek word omring deur private grond. 'n Geëlektrifiseerde wildheining strek oor 14 km om die eiendom. Daar is ook dubbele toegangsbeheer.

"Die wetgewing ingevolge waarvan Boschhoek gevestig is, is intussen opgehef. Dit maak soortgelyke ontwikkelings in die toekoms hoogs onwaarskynlik. Dus leen die vasgepende aanbod en 'n steeds groeiende vraag hom tot 'n groot waardesprong in die toekoms," sê Smith.

■ **Vir meer inligting, kontak Smith by 083 654 8201 of herbert@boschhoekmountain.co.za of besoek die webwerf www.boschhoekmountain.co.za.**